

Virtuele leeskonferensie

Dit is in hierdie buitengewone tye uiters belangrik vir onderwysers om hulle leerders aan die lees te kry.

Die Vriende van Afrikaans (VVA), 'n divisie van die ATKV, het juis daarom besluit om vir die eerste keer 'n virtuele leeskonferensie op 23 Mei vir die Weskus se opvoeders, ouers en belangstellendes aan te bied.

"Ons glo dat kinders wil lees en dat hulle onafhanklik kan dink, daarom kan ons dit nie meer beklemtoon hoe belangrik lees is nie," sê Chareldine van der Merwe, projekbestuurder van die VVA.



Die konferensie is vir voorskoolse- en laerskoolopvoeders, ouers, belangstellendes en mense wat met kinders werk via Zoom aangebied.

"Ons wil met ons leeskonferensie – veral in hierdie moeilike tye – vir mense leiding, inligting, tegnieke en wenke gee rondom lees-en leeruitdagings. Ons wil ook veral ouers motiveer en aanmoedig om tyd saam met hul kinders te spandeer."

Die spraakterapeut en skrywer, Christien Naser, en Nicolette van der Heever van die Doen en Leer-leesprogram was die sprekers.

Volgens Chareldine kan kinders nie optimaal leer as hulle nie behoorlik kan lees nie.

"Hulle gaan nie hul take en toetse kan verrig of voltooi

as hulle nie kan lees nie, veral nou dat hulle in baie gevalle op hul eie moet regkom.

"Die VVA glo lees is aangeleerde gedrag en dat kinders die voorbeeld van volwassenes volg.

"Deur boeke bemagtig jy kinders en leer hulle goeie waardesisteme aan deur hulle aan die regte boeke en stories bloot te stel. Lees lê die grondslag van alle leer.

"Ons wil mense toerus, aanmoedig en in staat stel om kinders/leerders te help veral in hierdie tyd van inperking. Ons wil ook die belangrikheid van veral voorlees beklemtoon."

Hou gerus die ATKV se webwerf en sosiale media dop vir inligting oor nog leeskonferensies wat beplan word.

Kontak Chareldine van der Merwe by 021 880 1761 of chareldinev@atkv.vva.org.za vir meer inligting.

Adam Small Fees

Die VVA was in Februarie, op aanvraag van mnr Matthew Cyster, betrokke by die Adam Small Fees in Pniël. Die fees het plaasgevind vanaf 21 tot 23 Februarie in Pniël. Die VVA het 'n Ommietafel-gesprek en 'n skryfwerkswinkel (vooraf) aangebied en 'n groep laerskoolkinders toegesprek oor die belangrikheid van moedertaal, lees en taal.

By die Ommietafelgesprek was Mandie Ehlers (VVA) die gesprekleier en ons sprekers was Willem Fransman en prof. Steward van Wyk. Professor Liena Spies het ook 'n gedig voorgedra.

Tydens ons gesprek met die leerders het Whaden Johannes (kunstenaar), David Jantjes en Lukas Hanekom (moedertaalinisiatiefprojek), Karien Brits (ATKV)



en Chareldine van der Merwe (VVA) die leerders toegesprek. 'n ATKV-rieldansgroep het ook die leerders en feesgangers Vermaak en hulle het elk 'n kospakkie ontvang.



Die skryfwerkwinkel was aangebied deur die legendariese Diana Ferrus en die digters het ook van hul gedigte voorgedra. Ons wil graag die gawe mense van Pniël en al ons aanbieders en sprekers bedank vir hulle samwerking en aanbiedings en hoop dat ons gou weer so kan maak.

Die volgende twee gedigte is deur haar gekies om in ons nuusbrief geplaas te word.

Hier is die twee gedigte van Gameeda Henry en Anne-Mari Lackay:

Wie is ek?

Gameeda Henry

*waarom en hoekom dreun deur my kop
my herkoms in die verskiet
weggegooi, 'n parasiet
in drank verdrink ek my verdriet
ek is op soek na saligheid, dis al
maar genesing die ontwyk my pal
aweregs skurf my doen en late*

*so vryf ek my naaste op deur my dade
een vir een verlaat my geliefdes my
vertrap my hart tot niks oorbly
maar op 'n dag sal my beurt ook kom
om finaal te weet waarom en hoekom*

Net soos ek is

Anne-Mari Lackay (21 Mei 2020)

*Ek ken van Bach en Beethoven,
meesleurende musiek en hoog-geag,
van poësie, kultuur en kuns,
skrywers, digters en komponiste,
suiwer note en treffende woorde.*

*Ek ken van uitgesoekte gaste,
elegant geklee, sagte stemme, uiters belese.
geleerde navorsers en kenners,
aanbieders vir 'n akademiese gehoor,
kundig, gemaklik, woorde slim op die oor.*

*Ek ken van tafels met gesogte geregte,
vinger-happies kunstig en keurig,
glase gevul met vrug uit bekende boorde.
sagte lag en beheersde gedrag,
gesofistikeerde, gepaste woorde.*

*Maar, gee my liever die eenvoud self,
eerlikheid en die-net-soos-ek-is.
Gee my vandag se geluk blink op gesigte.
'n oond-brood bruin gebak,
snoek, kreef en borrie-patats,
wat steeds smaaklik verras.*

*Gee my meesleurende wysies, kreatiewe woorde,
vandag se storie wat herleef in klinkende akkoorde
gemeenskaplik gedeel met 'n ritmiese geskoffel,
gewroeg in lief en leed, maar sielsgesond –
laat my die lied van die lewe dans op geboorte-grond.*

Ommietafelgesprek



Digters saam met Diana Ferrus en Chareldine van der Merwe tydens 'n werkwinkel.



Ommietafelgesprek (Steward van Wyk, Willem Fransman, Mandie Ehlers en Chareldine van der Merwe).



Brigitte Cyster dra haar gedig voor tydens die Fees.

Wêreldboekedag: Lees veral nou belangrik

Die viering van Wêreldboekedag op 23 April was vanjaar nog meer relevant as ooit tevore. As gevolg van die Covid-19-pandemie en die inperking wat daarmee gepaard gaan, kan die wonder van die geskrewe woord gebruik word om eensaamheid en 'n gebrek aan stimulerende teen te werk.


Nie net sal volwassenes hierby baat vind nie. Ouers het waarskynlik nou meer tyd om ook vir hul kinders voor te lees.



Ter viering van die ATKV se 90ste verjaardag vanjaar val die klem veral op lees.


Die Vriende van Afrikaans, 'n divisie van die ATKV, besef dat die huidige tydperk meer uitdagings aan veral kinders stel. Hoe gemaak met kinders wat hulself met skoolwerk moet help, maar wat nie met begrip kan lees of glad nie kan lees nie.

Die volgende statistieke het in die artikel "Help om leeskultuur te bevorder in Nasionale Boekweek" op Netwerk24 verskyn:



Geen boeke

Net 14% Suid-Afrikaners lees aktief, terwyl daar 58% van huishoudings nie 'n enkele boek het nie.



Ouers vertel nie stories nie

'n Derde van alle ouers vertel nie vir hul kinders stories nie en nog 50% het nog nooit vir hul kinders 'n boek voorgelees nie.

>20



Verbeter kans van sukses

Verdere studie in 27 lande toon dat kinders 'n veel groter kans op sukses in die lewe het as hulle grootword in 'n huis waar so min as 20 boeke is.

Ons weet ook dan byna 80% van graad 4-leerders nie met begrip kan lees nie (PIRLS).

Deur vir kinders voor te lees, kan jy van hulle lewenslange lesers maak, maar ook sorg dat hulle optimaal sal kan leer. Deur boeke kan ons kinders bemagtig en goeie waardesisteme aanleer deur hulle aan die regte boeke en stories bloot te stel.

Ons glo dat geletterdheid en 'n liefde vir lees kan lei tot kinders wat onafhanklik kan dink, empatiese wesens is wat vir hulleself sal kan sorg en weet wat hulle regte is.

Lees lê die grondslag van alle leer. As 'n mens in ag neem dat 'n kind die heel meeste leer in die periode van 0 tot 6 jaar as wat hy/sy die res van sy lewe sal leer, kan daar nooit te vroeg met voorlees en lees begin word nie.

Wat as ek nie geskikte boeke het om vir my kind voor te lees nie?

- Vertel vir hulle stories.
- Luister na stories op die radio.
- Gebruik ou tydskrifte of boeke, knip prentjies uit en maak jou eie storie.
- Speel speletjies – voer die storie op.
- Kommunikasie – praat met jou kind en betrek hom of haar by die vertel van stories.
- Vra hulp en kry leiding by opvoeders, kundiges, ens.
- Besoek die ATKV se FB-blad en kyk en luister na die stories.

Die belangrikste ding om te doen of vir jou kind te gee is liefde, aandag en tyd. As ons vir ons kinders voorlees, besef hulle dat lees belangrik is omdat ons tyd daarvoor maak.

Ouers moet self 'n voorbeeld stel deur te lees. Kinders doen (na-aap) wat volwassenes om hulle doen. Navorsing in Nederland het ook bewys, indien jy vir 10 minute per dag vir jou kind voorlees, jy die kind instaat stel om duisend nuwe woorde in 'n jaar aan te leer.

Ongelukkig is boeke vir die meeste skole en mense 'n luukse. Daarom glo die VVA deur middel van ons boektrommelprojek dat kinders so vroeg as moontlik



aan die wêreld van woorde en stories blootgestel moet word. Daar moet 'n leeskultuur geskep word en kinders moet in 'n woordryke omgewing grootword. Ons glo dat lees, aangeleerde gedrag is. Net soos wat 'n goeie rugbyspelers/sportman moet oefen om die beste te word, so moet 'n mens ook elke dag lees om 'n goeie leser te word. Lees moet deel van 'n roetine word.

Die VVA se vlagskipprojek is sy boektrommels vol heerlike boeke wat by verdienstelike skole en goedbestuurde kleuterskole besorg word en ook sy voorleesprojek wat die belang van voorlees in elke huis wil tuisbring.

Die VVA se boektrommelprojek bestaan uit 'n:

- 'n boekverspreidingsprojek (boektrommels aan verdienstelike kleuterskole, Graad R-klasse en grondslagfase-klasse);
- Boekopvoeding en storievoorlesings vir kinders sodat hulle die waarde van boeke kan beseft en 'n liefde vir lees ontwikkel;
- Voorleeswerkswinkels en leeskonferensies vir ouers, ander belangstellendes en opvoeders (VKO-praktisyns)
- Leesondersteuningsprojek (Doen en Leer)

Met hierdie uitgebreide boektrommelprojek wil die VVA jaarliks probeer om 'n groter impak te maak tot die ontwikkeling van 'n leeskuil in gemeenskappe landwyd sodat kinders – eerste-, tweede- en derdetaalsprekers van Afrikaans – in woordryke omgewings met toegang tot die regte boeke kan grootword en die vreugde en bemagtiging van lewenslange lees en leer kan ervaar en benut.

Danksy verskeie donasies, borge en vennootskappe kan die VVA jaarliks meer as 50 trommels nasionaal versprei.

Nieteenstaande ons ywer en die vordering met die projek, is 50 boektrommels 'n druppel in die emmer gegewe ons Suid-Afrikaanse omstandighede.

'n Trommel met tussen 90 en 110 geskikte boeke kos R8 000.

Die bankbesonderhede indien jy 'n bydrae wil maak, is soos volg:

Bank: **ABSA BANK**

Rekeningnaam: **ATKV**

Rekeningnommer: **0170166728** (Tjekrekening)

Takkode: **632005**

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende "Swift Code": ABSA ZA JJ. Gebruik asb "VVA Boektrommels" as verwysing.



KWARANTYN-STORIETYD



Die VVA sit beslis nie in hierdie tyd stil nie. Omdat ons nie self nou vir kinders kan gaan voorlees nie, het ons dit goedgegund om aanlyn vir kinders te lees. LAPA-uitgewers was ons baie goed gesind en het ingestem dat ons van hul boeke kan lees. Jaco Jacobs, Christien Neser, Leon de Villiers, Carina Diedericks Hugo, Anzil Kulsen en Wendy Maartens het ingestem sodat ons hulle boeke of uittreksel uit hul boeke kan voorlees. Hou gerus die ATKV en VVA se Facebook-bladsye dop vir hierdie lekker verhale.



Tydens die Toyota US Woordfees, het die VVA in samwerking met WOW 'n voorleeswerkswinkel aangebied.



Heel links: Karien Brits (ATKV), Nicolette van den Heever (Doen en Leer), Chareldine van der Merwe (VVA), Sonél Brits (Besturende Direkteur ATKV) en Mandie Ehlers (VVA)

Links: Die span agter al die reëlings.

Uittreksel uit voertaal se artikel oor die Woordfees

Maryke Roberts, Clifford Roberts en Menán van Heerden

Die verhouding tussen Nederlands en Afrikaans is in 'n praatjie oor die organisasie Onze Taal, 'n vereniging vir taalliefhebbers in Nederland wat ook 'n spesiale belangstelling het in Afrikaans, uitgelig. Die praatjie is gelei deur Carel Jansen, emeritus professor Rijksuniversiteit Groningen. Hy het vertel dat Nederlanders Afrikaans graag beskou as 'n aantreklike "niggie". Hy is die voorsitter van die Onze Taal-bestuur en ook navorsingsgenoot van die Universiteit Stellenbosch se Taalsentrum.

Hy het meer oor Onze Taal en sy meer as 23 000 lede vertel, soos onder meer oor die gratis taaladviesdiens wat hulle bied en baie gewild onder studente is. "Ons is die podium vir taalkwessies in Nederland."

Hy het ook vertel hoe die organisasie se tydskrif sedert sy ontstaan in 1932 'n deurslaggewende rol gespeel het in die aanslae teen Nederlands. "In die dertigerjare was Germanismes die grootste bedreiging vir Nederlands. Later het Anglisismes ons grootste vyand geword, maar dis ontsettend moeilik om dit uit 'n taal te hou.

"Nou tree ons baie meer observerend op: Ons berig eerder oor wat gebeur as om te probeer ingryp," het hy vertel.

Hy het ook die algemeenste taalfoute wat sprekers in Nederland maak, uitgewys. Hy het aan die gehoor vertel dat hulle nogal "jaloers" is op Afrikaans se taalreëls: "Ek sê gedurig daar vir die taalkenners hulle moet Kaap toe kom: die weer is baie beter en die reëls ook."

Jansen het ook vertel dat sowat 15% van die Nederlandse bevolking lae geletterdheidsvlakke het en dat daar 'n doelbewuste poging aangewend word om die persentasie te verklein. Dit is mense wie se Nederlandse lees-, verstaan- en skryfvermoë nie goed genoeg is om in die moderne samelewing te funksioneer nie. Prinses Laurentien van Oranje is die projek se beskermvrou.

Ander kwessies wat Nederlands vandag in die gesig staar, is dat baie universiteite Engels as onderrigtaal aanbied en dat Nederlands as taal al minder onderrigtyd ontvang. "Julle in Suid-Afrika herken beslis dié situasie. Nederlands is ook altyd die minste gewild op skool en ons sukkel om leerlinge te oortuig om Nederlands te gaan studeer.

GENOOTSCHAP
OnzeTaal



Karien en Chareldine saam met prof Carel Jansen (Nederland) wat die praatjie aangebied het tydens die Woordfees.



Bywoners tydens die praatjie.

"Ons besef die voordele van internasionalisering, maar die skadelike effekte hiervan op jou moedertaal moenie agterweë gelaat word nie," het hy verklaar en bygevoeg: "Ek besef die politieke situasies is totaal anders, maar daar is groot ooreenkomste in die taalkwessies."

Nadat hy vrae en kommentaar uit die gehoor aangehoor het, het hy volstaan met dié woorde: "Nederlands is bietjie argaïes; Afrikaans is meer modern en makliker en boonop het julle sulke pragtige beskrywende woorde."

Uit die gehoor het verskeie Nederlanders en Vlaminge hul waardering en liefde vir Afrikaans se "uitsonderlik mooi en beskrywende" woorde soos "bromponie", "hemelkinders" (Downsindroom-kinders) en ander woorde soos "rekenaar" in plaas van "komputer" uitgelig.

Karien Brits, bestuurder van Taal by die ATKV, het hom bedank vir sy positiewe houding jeens Afrikaans en gehoorlede ook aangemoedig om by die ATKV en Vriende van Afrikaans aan te sluit.

(<https://voertaal.nu/die-toyota-us-woordfees-se-nederlandse-niggie/>)

ATKV-Inkstories en die VVA gesels met Jaco Jacobs

ATKV-Inkstories is 'n projek wat die liefde vir Afrikaanse letterkunde in al sy verskeie genres bevorder. In normale omstandighede is dit 'n kuiergeleentheid by een van die Exclusive Books takke. As gevolg van Covid-19 het die ATKV dit goedgevind om Inkstories digitaal na mense te bring.

In Junie span ATKV-Inkstories en die VVA hul kragte saam om voorlees en lees te bevorder by ons kleuters en jong kinders. Ter viering van die ATKV se 90ste verjaarsdag gesels ons met Jaco Jacobs oor kinder- en jeugliteratuur. Hou ons sosiale mediaplatforms dop.

Vir meer inligting oor ATKV-Inkstories, kontak Mandie Ehlers by mandiee@atkv.org.za

Brief

Naand Johan,

'n Stukkie ATKV getuienis. Jy het seker gesien die Kwarantyn-stories wat ek vir VVA maak. Ek speel nou elke aand vir die twins dit met slaaptyd en dan doen ons so bietjie luisterbegrip met vrae oor die stories. Aan die einde van vanaand se vraag-antwoord-sessie, vra hulle my: "Pappa, hoekom maak die tannie die video's?" Ek verduidelik toe sommer die VVA se doel en projek veral aan die hand van die boeketrommel. Ek sê toe vir hulle dat alle maats het nie boeke nie, so deur die videos kan maats wat nie boeke het nie, ook na stories luister. Voor hulle bid sê die een: "Pappa, ek dink die tannie is Liewe Jesus se kind!" Ek vra hoekom? Sy antwoord: "Want iemand wat 'n plan maak om vir maatjies boeke en stories te lees moet van Jesus wees." Nou toe nou... selfs 7-jariges begryp die werk van die ATKV! Well done en doen voort!

Laat jou kinders lees!

In hierdie ongewone tye het ons almal meer tyd op hande. Die staat van inperking weens die gevreesde Covid-19-virus het veroorsaak dat ons almal in ons huise ingekerker is.

Die skole is steeds nie oop nie en hoe nou met jou kinders gemaak? Hoe verseker jy dat hulle konstruktief besig bly?

Die antwoord is maklik. *Laat hulle lees.*

Die ATKV vier vanjaar sy 90ste verjaardag en in hierdie feesjaar plaas ons spesiale klem op lees.

Volgens Chareldine van der Merwe, projekbestuurder van die Vriende van Afrikaans (VVA), is dit belangrik dat ouers van vroeg af 'n leeskuilte by kinders kweek.

"Die VVA, 'n divisie van die ATKV, kan nie die belangrikheid van lees en boeke meer beklemtoon soos in dié tyd waarin die wêreld hom tans bevind nie," sê Chareldine.

Sy sê dit is belangrik dat ouers lees deel van hulle kinders se daaglikse roetine maak en byvoorbeeld die dag met 'n lekker storie afsluit.



"Weet wat jou kind se voorkeure is en lees boeke wat vir hulle lekker of interessant is.

"Boeke met mooi illustrasies trek ook kinders se aandag. Indien ouers tyd maak vir lees, sal kinders verstaan dat dit belangrik is.

"Wees laf en maak gesigsuitdrukkings en stembuigings as jy vir hulle lees. Ouers kan letterlik hul kinders slim lees!"

Volgens haar sal jy so verseker dat jou kind 'n lewenslange leser word.

"As kinders met begrip kan lees, sal hulle optimaal kan leer. Lees is soos enige sportsoort, hoe meer jy oefen hoe beter word jy. Jy moet lees om 'n goeie leser te word."

Chareldine meen daar is verskeie voordele vir 'n kind wat lees.

"Lees help kinders om onafhanklik te dink en brei hulle woordeskat uit, dit help met doeltreffende kommunikasie.

"Lees leer 'n kind om te voorspel, dit is vaardighede wat jy nodig het om wiskunde te doen. Dit sluit 'n hele

nuwe wêreld vir kinders oop. Hulle leer van goed wat om hulle gebeur. Lees lê die grondslag van alle leer.”

Ongelukkig is die wonderwêreld van lees en boeke nie vir almal vrylik beskikbaar nie, maar die VVA poog om boeke deur sy boektrommelprojek aan almal beskikbaar te maak.

“Die VVA se vlagskipprojek is sy boektrommels vol heerlike boeke wat by verdienstelike en skole en goed bestuurde kleuterskole besorg word en ook sy voorleesprojek wat die belangrikheid van voorlees in elke huis wil onderstreep,” sê Chareldine.

Met hierdie uitgebreide boektrommelprojek wil die VVA jaarliks probeer om ’n groter impak te maak tot die ontwikkeling van ’n leeskultuur in gemeenskappe landwyd sodat kinders – eerste-, tweede- en

derdetaalsprekers van Afrikaans – in woordryke omgewings met toegang tot die regte boeke kan grootword en die vreugde en bemagtiging van lewenslange lees en leer kan ervaar en benut.

“Danksy verskeie donasies, borge en vennootskappe kan die VVA jaarliks meer as 50 trommels nasionaal versprei. Nieteenstaande ons ywer en die vordering met die projek, is 50 boektrommels ’n druppel in die emmer gegewe ons Suid-Afrikaanse omstandighede.”

Nietemin gaan die VVA steeds met sy boektrommelprojek probeer om van Suid-Afrika ’n lees-nasie te maak.

“Daar moet ’n leeskultuur geskep word en kinders moet in ’n woordryke omgewing grootword.”

VERSPREI GERUS DIE NUUSBRIEF

Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Mandie Ehlers**

Assistentredakteur: **Chareldine van der Merwe**

Bladuitleg: **Plenti Creative**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegno Park Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:

mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

- 1. Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
- 2. Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
- 3. Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
- 4. CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
- 5. Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
- 6. Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
- 7. Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, ’n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:

ABSA, Tjekrekening
Rekeningnaam: ATKV
Rekeningnommer: 0170166728
Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

“Swift Code”: ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenkbundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.